

SARS lê beslag op onwettige sigarette ter waarde van R6 miljoen

Tshwane, 30 Julie 2021 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) se nasionale doeaneblitsreaksiespan, tesame met die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), het beslag gelê op onwettige sigarette, ter waarde van R6 miljoen, van 'n aantal Kaapse handelaars.

Gedurende die intelligensiegedreve toeslaanaksie op Donderdag 29 Julie, is 443 meesterbokse, elk met 50 kartonne van verskeie soorte sigarette gekonfiskeer.

Die operasie was deel van SARS se verhoogde fokus op die onwettige handeldryf in sigarette en tabakprodukte om die plaaslike industrie en breër ekonomie te beskerm. Die betrokkenheid van die ander wetstoepassingsagentskappe reflekteer die regering-as-geheelbenadering waardeur verskeie departemente saamwerk vir meer effektiewe gebruik van hulpbronne, groter impak en sigbaarheid.

SARS-kommissaris Edward Kieswetter het gesê dat die invoer van onwettige sigarette en ander goedere, soos klerasie en tekstiele, nagemaakte medikasie en behandelinge, en tweedehandse motorvoertuie, onder andere, plaaslike industrië vernietig en bydra tot die verlies aan werkgeleenthede.

"Hierdie aktiwiteite beroof ook die land van broodnodige inkomste wat die regering in staat stel om basiese dienste te lewer aan die armes en kwesbares onder ons, soos pensioene en die bied van verligting aan sukkelende ondernemings en hul werknemers na die onlangse onluste."

Hy het bygevoeg dat dit ook gesondheidsrisiko's vir verbruikers inhou, omdat onwettige ingevoerde sigarette nie aan die Suid-Afrikaanse gesondheidsregulasies voldoen nie en 'n ernstige gesondheidsrisiko vir rokers inhou.

"Daar is ook 'n sterk verband tussen hierdie aktiwiteite en internasionale misdaadsindikate wat by mensehandel, wapensmokkelary, dwelmsmokkelary en terrorisme betrokke is."

"SARS het 'n mandaat om wettige handeldryf te faciliteer en sal nie onwettige handeldryf, wat ons ekonomie en ons mense skade doen, duld nie. Dit is in lyn met ons strategiese oogmerk om dit moeilik en duur te maak vir diegene wat nie ons belasting-, doeane- en aksynswetgewing nakom nie."

Sien foto's van die beslaglegging in Kaapstad hieronder.

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.



